



## GEMEENSAP NUUSBRIEF

DESEMBER 2021



## GEMEENSKAPSGESONDHEID


Gesondheid is gedurende September in die kollig geplaas met 'n tweedaagse veldtog wat op sifting, vroeë opsporing en gesondheidsopvoeding vir tagtig gemeenskapslede gefokus het. Die veldtog is deur die windkragaanlegte van Loeriesfontein en Khobab befonds en in samewerking met PinkDrive en die departement van gesondheid aangebied.

Bykans 80 mammogramme is op vroue van die gemeenskap gedoen. Kliniese borsondersoeke, ultraklank-skanderings en servikale smere is ook gedoen. Mans van die gemeenskap is ook aangemoedig om siftingstoetse vir prostaatkanker te ondergaan.

“Persoonlik is dit baie belangrik vir my om getoets te word, aangesien kanker baie vinnig versprei. Die toetse is verniet gedoen, so dit 'n baie goeie inisiatief wat die windkragaanlegte befonds het. Voorkoming is beter genesing.”  
Belinda Farmer

## MOBILE CLINIC TO SCHOOLS

Health screening for hundreds of Loeriesfontein school learners took place during October, funded by the two local wind farms. The visiting private mobile health clinic, equipped with a team of health professionals, visited both the primary and high school. Screening included Tuberculosis Screening, Vision and Hearing Testing; Oral Health Screening; Nutritional Status Assessments and Health Education initiatives and even physical assessments to ascertain gross and fine motor skills.



A Hygiene Awareness campaign included talks to help dispel misinformation while promoting preventative health recommendations including COVID 19 Hygiene Awareness, Education and Stigma Mitigation.



## SAKESPILPUNT

Die gemeenskap van Loeriesfontein en sleutelbelanghebbers het op 13 Augustus 2021 tydens 'n opedag byeengekom om die opening van die dorp se eerste sakespilpunt te vier.

Die sakespilpunt bied rekeningkundige en belastingdienste, sowel as toegang tot rekenaars en die internet aan die gemeenskap van Loeriesfontein. Hierdie dienste was meestal nie voorheen in Loeriesfontein beskikbaar nie.